Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Francois Genis**, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

26 Januarie 2018
Nr 2/2018

Warm nuus!

Ringsontwikkeling

Daar vind vier geleenthede plaar waar ringskommissies die geleentheid gaan kry om bietjie saam te dink oor hulle rol.
Datums:
9 Februarie – 09:00-12:00, NG Waterkloof
12 Februarie – 09:00-12:00, NG Vorentoe (Brits)
16 Februarie – 09:00-12:00, NG Overkruin
***19** Februarie* – 09:00-12:00, NG Pietersburg-Noord
Ringskribas sal binnekort meer besonderhede rakende die byeekomste ontvang.

Skribas laat weet asseblief ten minste ***'n week voor die betrokke byeenkoms*** vir Hermien [hermien@noordsin.co.za; tel 012-440 6525] **hoeveel van die Ringskommissie** dit gaan bywoon.

Sinodale nuus

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
** ***30 Januarie*: Skriflesing**: Ou Testament
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Badseloop Gedenkblad

Twee gebeurtenisse in die ryke geskiedenis van Badseloop Jeugkampterrein sal vir altyd uitstaan:

- Ds. Norval Geldenhuys (1918 - 1964) het gedurende 1943/1944 die eerste jeugkamp op die plaas Vischgat gehou; en
- Oom Vick van Zyl het op Maandag 17 Julie 1950 teen ± 11:00 by die leidam (waar die swembad tans is) bekend gemaak: *"... my vrou en ek het besluit om hierdie plekkie skoon as offer aan God, aan die jeug van ons kerk te skenk!"*

Badseloop het sedertdien wyd binne die NG Kerk bekend geword. **Die tyd het nou ryp geword om die geskiedenis van die afgelope sowat 75 jaar, en die reuse invloed wat van daar af uitgekring het, op skrif te stel!**

U hulp word ingeroep om hierdie kennisgewing so wyd as moontlik bekend te maak! Ons benodig onder meer:

❶ **Getuienisse en foto's** van lewensbelangrike keuses en verhoudinge wat aldaar sy grondslag gevind het;
❷ **Brokkies geskiedenis** wat vir die koninkryk, kerk en nageslag in herinnering geroep en bewaar moet word;
❸ **Staaltjies** van gebeure wat daar plaasgevind het, en ter wille van inspirasie deur ander gelees moet word;
❹ **Donasies** - die Bestuurskomitee én Beheerraad versoek dat inbetaling per internet soos volg sal geskied:
Badseloop Jeugkampterrein; ABSA; lopende rekening: 10-8014-1862; takkode: 632 005
Donasies van *individue* moet asb. die volgende verwysing vermeld: BGB; gevolg deur u van, naam/voorletter(s);
Donasies van *instansies* moet asb. die volgende verwysing vermeld: BGB; gevolg deur naam van gemeente, (bv).

Bydraes, navrae, wenke of aanbieding van hulp (vir oorweging deur die loodskomitee) moet asb. gerig word aan: **dr. Willus Knipe**; e-posadres: willus.knipe@gmail.com; sel nr: 082 447 1297

❖ Harmonie Park Nuus

KykNet het 'n inset verfilm vir die program **"Met 'n huppel in die stap"** wat op ***6 Maart 2018*** om 18:00 uitgesaai gaan word. Die program fokus op bekostigbare behuising vir ouer persone.
Verblyf beskikbaar: Daar is tans baie kamers oop by **Harmoniehof**. By **Harmonie Oord** is daar 'n dubbel kamer wat teen R2 180 per maand verhuur word beskikbaar. Die persoon moet selfversorgend wees en 'n inkomste van SASSA of gelykstaande pensioen verdien.
Navrae: Tel 012 341 4816 / 012 440 3357.

Kollega nuus

❖ Vertrek

EJ Leach (Waverley-Oos) se afskeidspreek vind op 28 Januarie 2018 plaas. Hy en Sané gaan in Hyderabad, Indië sendingwerk doen.

❖ Emeritaat

Willem Kritzinger (Môregloed) het op 31 Desember 2017 geëmeriteer en ook sy afskeidspreek gelewer.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

27/01 Lizette van Rooyen [Magalieskruin, 084 690 1971, lizvanrooyen@gmail.com]
29/01 Paul du Plessis [Riviera-Jakarand, 083 446 9426, pauldupl@gmail.com]
Jakkie Strachan [Lynnwood, 084 547 1660, jakkiestrachan@gmail.com]

****

27/01 Nerene Grobler [Universiteitsoord, paul@noordsin.co.za]
30/01 Hannatjie J van Vuuren [Sesmylspruit, 012-654 6282, christovvu@gmail.com]

Gemeente nuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Jan Niemandpark [Gestig 28/01/1980]

❖ Pietersburg-Oos: Finishing strong

"Starting strong is good. Finishing strong is epic" – Robin Sharma

In opdrag van die ***Ring van Pietersburg/Polokwane*** en as deel van Predikanteversorging kom bied Henk Gous 'n kursus aan: **"Finishing strong."** *Hoe bly ek gefokus, visionêr ens. in die laaste jare van my bediening, en wat gebeur daarna?*
Waar: NG Pietersburg-Oos; Betzstraat 97, Polokwane
Wanneer: ***7 Februarie 2018*** (Woensdag)
Tyd: 09:00-15:00
Koste: R70.00 pp. Koste sluit verversings en 'n ligte middagete in.
Bevestig bevestig asseblief so spoedig moontlik by Cielie 015 295 8849 (NG Pietersburg-Oos).

❖ Queenwood - Huis Herfsblaar: Vakature – Uitvoerende Bestuurder

Huis Herfsblaar (Aftree-Oord) is geleë in Webbweg 1244, Queenswood Pretoria met 463 inwoners en 'n personeelkorps van 340.
Posspesifikasies (Posvereistes):

- Oorhoofse bestuur van Huis Herfsblaar met besondere verwysing na:
  ***Finansiële bestuur, begroting en –verslagdoening; *Fasiliteite bestuur (Bedryf & Eiendomme);
  ***Personeelbestuur; *Verpleeg/versorgingsbestuur; *Kontrak onderhandelings en –administrasie.
- Tree op as Sekretaris van die Raad van Trustees.

Persoonspesifikasies (Persoonvereistes):
***Sterk strategiese beplanner en sterk leiereienskappe; *Uitgebreide bestuursondervinding – minstens 10 jaar in Senior Bestuurspos; *Bewese vaardigheid in die opstel van begrotings, finansiële bestuur en –verslagdoening; *Kennis van personeeladministrasie en arbeidsverhoudige; *Kennis van Fasiliteite Bestuur (Bedryf en Eiendomme); *Grondige kennis van tersaaklike wette en regulasies; *Handhaaf goeie menseverhoudinge; *Passie om met ouer persone te werk; *Vermoë om probleme op te los; *Uitsonderlike verbale en skriftelike kommunikasie vaardighede; *Ten volle tweetalig (Afrikaans en Engels). Kennis van 'n inheemse taak is sterk aan te beveel; *Rekenaarvaardigheid bv. Microsoft (Word/Exel/Outlook), Sage Pastel; *Matriek of 'n toepaslike tersiêre opleiding kan 'n aanbeveling wees.
Vergoeding: 'n Insluitende pakket is onderhandelbaar, sluit in pensioen en 13de tjek.
Sluitingsdatum vir aansoek: *12 Februarie 2018* om 12:00.
Navrae: Navrae kan nie later as 20:00 gerig word aan **Riaan Engelbrecht** (083 376 1938) of **Corrie Kruger** (072 238 7142) of 012-333 4445 (07:30-15:00).

❖ Kameeldrif - Jagpakketveiling

Kameeldrif hou hul jaarlikse jagpakketveiling op ***3 Maart 2018***.
By die geleentheid vat hulle hande met gemeentes op die platteland wat jagplase het. Hulle reël die veiling, doen die bemarking, kry die voete, ensovoorts. Die gemeentes met wie hulle hande vat kry jagpakkette in hulle gemeentes geskenk. Die pakkette word by 'n gesellige funksie opgeveil. Die grootste deel van die wins gaan dan terug na die plattelandse gemeente.

- **Kliek hier om na die webwerf te kyk**: https://jagpakkette.yolasite.com
- **Gemeentes wat belangstel om deel te word** kan vir Drian Viljoen (0846082859) of Willem Pretorius (083 560 6668)skakel.

Algemene Sinode Nuus

❖ Southern Africa Regional Conference – Creation Care & Gospel

Gustav Classen (Algemene Sekretaris) gee die volgende inligting deur:
"In Februarie vind 'n belangrike konferensie oor Aardversorging van ***19 – 23 Februarie 2018*** in **Pietermaritzburg** by African Enterprise se sentrum in Pietermartizburg plaas.

Die konferensie is die negende in 'n reeks na die 2010 Lausanne byeenkoms oor Wêreld Evangelisasie wat in Kaapstad plaasgevind het. Dáár is besluit dat aardversorging 'n kernsaak vir die evangelie. Die besluit is opgevolg met 'n byeenkoms in Jamaica waar 'n "Call to action" ontwikkel is en is besluit om streekkonferensies wêreld-oor te reël. Die streek konferensies trek gelowiges uit die kerk, wetenskap, landbou ens. saam om te praat, dink en te beplan wat plaaslike gedoen kan word om aktief die sorg van die aarde te bevorder.

Die program fokus op drie temas: God's Word – teologie; God's world – die toestand van die aarde – klimaatsverandering, besoedeling, skade aan biodiversiteit. God's work – praktiese projekte wat impak maak.

Die Suider-Afrikaanse konferensie nooi afgevaardigdes uit suidelike Afrika en selfs vêrder om deel te neem.

Belangstellendes kan gerus die webtuiste: www.arocha.org.za besoek of stuur 'n e-pos aan info@arocha.org.za

(Tydens die 2010 Lausanne byeenkoms oor wêreld-evangelisasie in Kaapstad is aardesorg erken as 'n kernsaak van die evangelie. Daardie byeenkoms van 4500 kerkleiers het bely "we must repent of our part in the destruction, waste and pollution of the earth's resources and of our collusion in the toxic idolatry of consumerism. Instead, we must commit ourselves to urgent and prophetic ecological responsibility. We must commit ourselves to ecological responsibility in actively caring for everything that God has made, as an expression of our love for Him and for other people")"

Raakgelees

❖ Dag Zero: Help asb. met die groot dors!

Riaan de Villiers (Groote Kerk) doen 'n vriendelike beroep op gemeentes in ander streke en provinsies om te help om **5L bottels** drinkwater in te samel en vir hulle te stuur in Kaapstad. "Ons probeer om kerkgeboue in ons omgewing te gebruik as verspreidingspunte vir drinkwater aan arm en weerlose mense en gemeenskappe. Ons wil nou reeds groot voorraad opbou vir die potensiële komende Dag Zero as ons watervoorsiening afgesny gaan word. Klik hier.

[Berig met dank oorgeneem uit VrydagNuus, amptelike nuusbrief van Wes Kaapland]

Ander nuus

❖ Vision of Hope – Brits

Vakature: Bestuurspos

Vir die posbeskrywing en verdere inligting gaan kyk gerus op ons webblad http://ngbrits.com/waar-skakel-ek-in/vision-of-hope-brits/. Stuur asb 'n beknopte CV (maksimum 3 bladsye) met 2 referente per epos aan vohbrits@gmail.com of lewer per hand by NG Kerk Brits se kantoor af.

Vir meer inligting kontak *Grobbie Grobler* [078 501 4097].

Sluitingsdatum: *26 Januarie 2018*

Die direksie van Vision of Hope - Brits behou die reg om geen aanstelling te maak nie.

❖ Werkswinkel vir Fasiliteerders wat Jeuggroepe lei

Is jy 'n ...

- **Leraar**
- **Onderwyser**
- **Kategeet**
- **Jeuggroepleier**
- **Jeugwerker**
- **Of werk jy net graag met kinders?**

Het jy die kinders net een uur per week by jou en wil jy die tyd benut om regtig 'n verskil in die kinders se lewens te maak? Glo jy dat geloofs- en lewenswaarhede deur ervarings versterk kan word? Twyfel jy of jou manier van aanbieding regtig die kol tref?

Dan is die werkswinkel net vir jou!!

- **Datum**: Saterdag ***17 Februarie 2018***
- **Tyd**: 09:00 - 15:00
- **Plek**: NG Kerk Kameeldrif
- **Koste**: R490.00 per persoon
- **Aanbieders**: Roelf Opperman en Fritz Snyman
- **Kliek HIER om in te skryf**

❖ Sentrum vir Spiritualiteit: Jaarkursus

Oop vir die Oomblik: Jaarkursus in 'n lewe van Teenwoordigheid [Onderleiding van dr Willem Nicol en ds Immanuel van Tonder]

Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee.
Datums: Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: ***15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie.***
Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.
Inskrywings: Stuur 'n epos aan finansies@stellastraat.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.
Bankbesonderhede: NG RING, ABSA, 9328323743 - Merk die betaling soos volg: teenwoordigheid, van, noemnaam Finansiële ondersteuning beskikbaar.
Navrae: Immanuel van Tonder 0835406015, immanuelvt@gmail.com; Willem Nicol 0839667831, wnicol@mweb.co.za.

❖ Wêreldbiddag vir Vroue: *2 Maart 2018*

Die **tema** is ***"Hoe wonderbaar is u skepping!"***
Die **skrywerland** is **Suriname.**
Besoek die volgende skakel om meer oor die geleentheid en program te lees: http://www.wwdp.co.za/information
Navrae: Joa van Aarde by wwdp@telkomsa.net of tel. 011 975 4598.

❖ Zama-Zama : Jaarkursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens

Datum: vanaf ***1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019***!
Status van kursus: Sertifikaat. Geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, **120 VBO punte**
Registrasie: Tot en met *29 Februarie 2018*
Navrae: *Dr Jan Botha* (012 5463545 of 076 481 5683 / E-pos: alfa@hepl4you.co.za) of *dr Retha Kruidenier* (012 329 1352 of 082 413 8462 / E-pos - retha@geo-logic.com)
Webwerwe: alfapastoralepraktyk.com of zamazamahope4u.com

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za] – Hierdie week is die fokus op die aanstelling van **ds Bruwer Strydom** by BM, die jongste uitgawe van **Kerkbode** en **die Jaarboek 2018.** [Lees hier verder...]

- **CLF-nuus:** [Besoek www.clf.co.za]

Berlisé Louwrens het haar rol as bemarkingsbestuurder by CLF op 8 Januarie 2018 begin en is opgewonde oor die bydrae en impak wat sy in God se koninkryk kan maak binne CLF as deel van sy almagtige plan. Haar doelstellings is om met die jonger generasies kontak te maak; om nuwe bemarkingskanale te gebruik om mense aan te moedig om 'n Christelike erfenis na te laat; en om te help om lewensveranderende literatuur aan alle mense in hul eie taal beskikbaar te stel.

Berlisé het haar bemarkingsondervinding grootliks in die korporatiewe mark verkry waar sy aan verskeie industrieë blootgestel was. Sy glo dat goeie verhoudings en kommunikasie uiters belangrik is –persoonlik sowel as in die sakewêreld – en sien uit daarna om soveel moontlik interaksie met die NG Kerk-familie te hê.

Danny Fourie het 'n lang loopbaan en ervaring in die mediawêreld as uitsaaier en uitgewer. Met sy aanstelling by CLF vanaf Januarie 2018 sluit hy hom weer aan by sy ou werkgewer as redakteur van CLF se publikasies. Volgens Danny het CLF-Uitgewers tot 'n mededingende uitgewer van Christelike en teologiese boeke ontwikkel. Saam met sy span is hy gereed om die Christelike lesersmark en die NG Kerk-familie met relevante en geloofsopbouende publikasies te bedien.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Dankie vir reën in groot dele van ons land.**

- **Plekke waar daar steeds knellende droogte heers.**
- **Ons land se leiers.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Elarduspark: Vakature – Voltydse pastorale leraarspos**

Gemeenteprofiel: Elarduspark is 'n makrogemeente in die ooste van Pretoria wat tans deur 5 voltydse leraars, elk met 'n eie spesialisasie terrein, bedien word. Die gemeente beskik ook oor 'n CMR-kantoor wat deur 2 maatskaplike werkers en 'n administratiewe beampte bedryf word.
Vergoeding: Volgens sinodale riglyne waarby ingereken 'n huissubsidie.
Diensaanvaarding: ***1 April 2018***.
Sluitingsdatum: *31 Januarie 2018*
Navrae: Ds Leon Westhof (leonwesthof@ngelarduspark.org.za) of 012 345 1144.

❖ **UP Fakulteit Teologie: Gelegitimeerde proponente 2017**

- ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
- ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
- ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
- ***Johan Koen*** [082 393 2944, koenj@yahoo.com]
- ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
- ***Christian Oberholzer*** [082 349 7317, Lnet@telkomsa.net]
- ***Marius Schoombie*** [083 635 1523, mariusschoombie@gmail.com]
- ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]
- ***Adelle van Rhyn*** [082 881 9788, dellatjie777@gmail.com]
- ***Francois van Tonder*** [073 179 0017, francoisv3@gmail.com]

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

Ten slotte

Terug

BYLAES

Bybel-Media Nuusbrief 2/2018

Bestuurder: Departement Ontwikkeling BM

BM-Direksie het ds JS (Strydom) Bruwer in bogenoemde pos aangestel. By Bybel-Media is ons baie bly oor sy aanstelling en die personeel sien uit na sy koms hierheen.
Hy is tans leraar van Gordonsbaai-gemeente. Op die breër kerklike terrein het hy ‘n leiersrol in Somerset-Wes se Ring vertolk. Sy rol in verskeie Sinodale Kommissies soos o.a. voorsitter van die Diensgroep: Gemeentebegeleiding, lid van die Sinodale Koördineringspan en trustee van die Predikante Pensioenfonds is sprekende voorbeelde van sy besondere dienslewering.
Strydom begin amptelik op 1 Maart werk by Bybel-Media in die plek van ds Hans Steyn wat op 31 Maart aftree.

Lees in die eerste Kerkbode van 2018 ...

Die eerste Kerkbode van 2018 bring ’n verskeidenheid van nuus uit die kerk. Lees oor ’n nuwe speelpark vir kinders in ’n arm gemeenskap, oor ’n boer wat in sy werkers belê en die vrugte daarvan pluk, oor rockkonserte wat soos missionale eredienste is, en oor hoe die ramphulp aan Knysna nou oor ’n baie wyer front nood verlig.
Lees wat skryf ds Nelis Janse van Rensburg oor die Koninkryk van God in 2018, en van die lesse wat ’n jong sendeling tydens uitreike na Botswana geleer het.

Ds Henk Gous sê hoe hy dink die gesprek oor verhoudinge tussen mense van dieselfde geslag op ‘n beter manier gevoer kan word en dr André Bartlett skryf oor ’n aangrypende skildery na aanleiding van die kindermoord in Betlehem.
Kerkbode:
Met die nuwe toepassing (app) is die Kerkbode nog makliker toeganklik. Kerknuus is onmiddellik op lidmate se selfone beskikbaar.
Saam met dié app is die e-Kerkbode ook per e-pos gratis beskikbaar. Teken in by www.christians.kerkbode.co.za

Jongste publikasies:

Jaarboek 2018 ...

Die Jaarboek van die NG Kerk 2018 bestaan uit inligting oor sinodes, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante. Die Jaarboek dien al vir 168 jaar as ‘n belangrike verskaffer van inligting vir die NG Kerkfamilie. Dis gemik op predikante, kerkkantore en lidmate.
Prys: R295.00 (BTW en posgeld in SA ingesluit). Reeds beskikbaar – skakel dadelik om jou bestelling te plaas!
Kyk op die webwerf www.bybelmedia.org.za vir pryse van veelvoud-bestellings en die CD-formaat.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug